Nou hoe klop dit dan? -- Dit klop in hierdie sin. Ons is nog geskok oor die verklaring van Jonker waarin hy gesê het dat ons geskuiwe gaan word en daar word nou verder gepraat van 116 families wat nog sal moet gaan. Ons was nog geskok oor (30

daardie / ..

daardie twee dinge. Hier word nou mense verskuiwe na 'n nuwe plek toe wat hulle sê is 'n wagplek. Hoekom kan die mense nie in 'n plek gaan bly waar dit permanent is nie, hoekom moet hulle juis na 'n plek toe trek waar dit gesê word dit is 'n wagplek.

Ja, maar ons is nou nog op 'n ander onderwerp. Die vraag is waarom is die vergadering belê? -- Daar was 'n probleem gewees daar. Daar was nie 'n sisteem gewees wat gevolg is deur die raadslede toe die mense verskuiwe is na die nuwe huise toe nie, byvoorbeeld hulle het by 'n area begin met klein syfers by 19, 20 so miskien tot 25, dit is die standplaasnommers. (10 En dan het hulle oorgeslaan na 200 toe en mense daarvandaan gaan verskuiwe na die nuwe huise toe en dan het hulle weer in 'n ander area begin. En nog 'n ding wat moeilik was, was die volgende. Op 'n standplaas byvoorbeeld bly daar jou moeder of jou ouers en jou ouer broer of jonger broer en dié bly ook op die perseel. Dan kom hulle op daardie standplaas en sê jou moeder of ouers kan trek na 'n nuwe huis toe en dan word hulle 'n huisnommer gegee en jou jonger of ouer broer word ook 'n huisnommer gegee. En jy word gesê jy gaan nie soontoe nie, maar jy gaan na die wagplek toe. Dit is die ding wat die mense (20 gepla het. Om daardie rede het die raadslede dan besluit om hierdie vergadering te belê met die doel om te verduidelik hoekom dit so gedoen word. Dit is op daardie basis dan dat hierdie vraag ontstaan het.

Ja.

MNR JACOBS: Is dit korrek op daardie stadium was die raad nog besig om huise te bou. Daar was nie genoeg reeds voltooide huise gewees nie? -- Ja, tot op datum is daar nog nie genoeg huise nie.

En op daardie stadium het die raad verduidelik dat die (30

mense / ..

mense gaan nie meer verskuif word of geen mense gaan verskuif word uit Leandra uit nie of na KwaNdebele nie? -- Nee, nie raadslede het nooit dit gesê nie. Ons het dit gesê na ons hierdie brief gekry het eers, het ons dit genoem.

Nou ek verstaan dan nog nie watse waarborg het die mense gehad op daardie stadium wat jy netnou gesê het vir die hof dat hulle sal nie verskuif word nie. -- Ja, maar dit is voor ons die brief gekry het. Die versekering daarvan is hierdie brief.

HOF: Nee, maar waarom sukkel ons nou so? Wie het die waar-(10 borg gegee? Wie het gesê daar is 'n waarborg? -- Nee, niemand het gepraat van 'n waarborg nie.

Het niemand gepraat van 'n waarborg nie? -- Nee, ek onthou nie daarvan nie.

Niemand praat van 'n versekering dat daar nie getrek sou word nie? -- Nee, ek onthou nie. Miskien was ek nie by daardie vergadering gewees nie, maar ek kan dit nie onthou nie.

MNR JACOBS: Kyk, die raad het voor julle kennis gekry dat daar sal nie enige persone verskuif word na KwaNdebele nie. -- Hulle het nooit vir ons so gesê soos hierdie brief dit (20 uiteengesit het nie. U sal onthou ek het hier gepraat van dat ons die duplikate wou gehad het van daardie kennisgewings wat uitgereik was dat ons gaan trek, om seker te maak dat ons nie sal moet trek nie.

Maar ons is nou baie lank na daardie kennisgewings se tyd, meneer. Ek wil dit aan u stel dat op hierdie vergadering wat gehou is, die spesifieke een waar daar vroeër mense van die Black Sash was, was dit spesifieke gesê dat hulle die versekering gekry het van die outoriteite dat niemand sal verskuif nie. -- Hulle het dit nie gesê nie, ek was by daardie (30

vergadering / ..

vergadering gewees.

En hulle het verduidelik daar hoekom dit nodig was om mense tydelik te huisves omdat hulle in die ou lokasie moes oorskry en dat hulle daar geboue moes opsit en dat mense noodwendig uit geboue sal moet gaan, selfs mense wat permitteienaars is, artikel 10(1)(a) eienaars of bewoners is, van hulle is selfs in die tydelike wagplek gevestig. -- Dit is nie so nie. Die huise wat ek van praat en die standplase wat ek van melding maak hier as ek praat van plekke wat moet ontruim word deur mense, die staan net so oop. En by daar- (10 die tyd van die verskuiwing van die mense na die tydelike wagplek toe, die ou lokasie was omtrent 400 meter ver van die nuwe lokasie af. Dit wil sê daar was 'n spasie gewees van 400 meter wat nou nog oopstaan.

Is daar nuwe huise opgerig in die ou lokasie, nuwe komplekse. -- Wat?

Nuwe komplekse, huise..

HOF: Laat ons net duidelikheid kry, is dit 'n huis of is dit 'n hostel wat u van praat.

MNR JACOBS: Laat ons eers dan vat, huise gebou in die ou (20 lokasie as deel van hierdie hele projek? -- Op 'n klein stukkie daarvan ja, maar die meeste van die plek waarvandaan mense getrek het dié is nog niks op gebou nie. Byvoorbeeld by hierdie standplase 19, 20, 21, 22 en 23, die mense het alweer begin bou met sinkplate daar.

En is dit reg dat hierdie 116 families wat daar was, dit was mense wat loseerders was, wat nie standplaaseienaars was nie? -- Nee, nee, kyk Leslie, die mense wat daar bly het nie daar gekom vir die doel om te kom werk nie. Dit is kinders van die mense wat die standplaas se eienaars was wat op die (30 persele / ..

persele gebly het van die ouers wat daar verskuiwe was.

Nou is dit jou getuienis dat geen mense het van buitekant af ingekom om daar te kom woon en werk in Leslie of van Leslie af in Secunda of Sasolburg nie? -- Nee, daar is nie 'n hostel daar nie.

Ek praat nie van 'n hostel nie. Mense wat daar ingekom het en kom bly het op die persele, huur, sub-huur by die eienaar of die bewoner van die perseel om daar te woon en dan van daar af te werk. -- Al die mense van daardie lokasie te Leslie betaal huur. Daar is niemand wat loseer by iemand (10 daar nie.

HOF: Ons praat nie van nou nie, ons praat nou van 1984. -- Ek praat van lank nog voor dit, voor die nuwe huise nog daar gebou was, was dit die posisie.

So u sê daar was geen mense wat daar ingetrek het in Leslie om daar te bly en te werk in fabriek elders nie? -- Nee, dit is ons, die ou inwoners van Leslie wat elders werk.

MNR JACOBS: Jy sê daar is ook geen loseerders in Leslie nie? -- Nee, ek weet nie van loseerders nie.

In elk geval ek stel dit verder aan jou dat julle het (20 op hierdie stadium wat hierdie vergadering gehou was, was daar nie goeie gesindheid tussen die raad en die aksiekomitee nie en die aksiekomitee het eintlik die raad swartgesmeer en gesê hulle sit die 116 mense daar apart om hulle te verwyder en te verskuif heeltemal uit die gebied uit. -- Nee, dit is nie so nie. In die eerste plek om dit te beaam, hierdie kennisgewing van 116 families wat moet trek het nie van die raadslede af gekom nie. Dit het van Jonker af gekom in 'n koerantberig dat daardie mense gaan trek.

HOF: Maar was die 116 toe al in die wagplek? -- Ons het (30
nie / ..

nie geweet of dit nou die mense was wat moes trek by die 116 nie, want die name was nie gegee van die persone wie se gesinne sal moet trek nie.

MNR JACOBS: Na watter koerantberig verwys jy? -- Ek onthou nie meer nie, dit kan wees die Daily Mail of die Star of die Sowetan, van daardie koerante kan ek nie spesifiek onthou watter ene nie.

Het jy die koerantberig persoonlik gelees? -- Ja, ja, ek het.

En kan jy vir ons sê wanneer het dit verskyn? -- Dit was (10 iewers in Mei/Juniemaand, daar rond.

Die verdediging het hier 'n koerantberig ingehandig. Kan u net daarna kyk en vir ons sê of dit die koerantberig is?

HOF: Watter een gee u vir hom?

MNR JACOBS: AAQ.45 - laat ek net nagaan.. Ja, dit is 45. Ek weet nie of daar een is nie. Daar was op 'n stadium een, ek weet nie waar die bewysstuk is nie.

HOF: Wat waar was?

MNR JACOBS: Toe die verdediging dit ingehandig het, het hulle ekstra afskrifte gehad wat by die getuies... -- Ja, dit lyk (20 na die berig waarvan ek praat.

So dit is nadat jy hierdie berig gelees het dat jy sê dat dit nog so was dat die mense sou verskuif en dat Jonker so gesê het? -- Ek sê so, ja.

Want jy sien hierdie berig soos ek hom lees, lyk dit vir my of hierdie berig 'n onderhoud is wat 'n verslaggewer, politieke verslaggewer gehad het met die aksiekomitee en dat die inligting van die politieke verslaggewer van die aksiekomitee gekom het. -- Ja, wat is die vraag?

HOF: Die vraag is die berig lyk of dit gebaseer is op 'n (30
onderhoud / ..

onderhoud met mnr Nkabinde en ook met mnr Verwey. Nou wat sê u daarvan? -- Ja, dit is wat die berig sê.

Is dit so? -- Dit kan wees, ja.

MNR JACOBS: Ek wil net daardie vergadering afhandel waar die Swart Serp se mense was, die Black Sash. Kan u vir ons sê wie was die mense wat daar gekom het? -- Twee jong dames en 'n manspersoon, 'n prokureur wat ek vir die eerste keer gesien het dié dag en die het ek verneem dat hy Bham was, en die vierde persoon in die persone se geselskap was die voertuigbestuurder. (10

'n Swart man? -- Ja, 'n swart man.

So dit was twee wit vrouens en dan mnr Bham? -- Ja, en die swart man.

En wie was daar van die Black Sash nou, was dit nou die twee vrouens of die prokureur Bham? -- Dit is die twee dame-tjies.

Wie was hulle? -- Die twee het ek vir die eerste keer gesien. Dit was nie Anita Claassen, Joanne Horwitz of Sheena Duncan nie.

HOF: Wat is die tweede naam? -- Joanne Horwitz of Sheena (20 Duncan nie. Die twee het ek vir die eerste keer gesien daardie dag.

MNR JACOBS: Was die prokureur ook daar op julle spesiale uitnodiging? -- Ja, Nkabinde het hom genooi.

En wat moes hy nou daar kom doen? -- Kyk, ons was nog besig om die versoek uit te voer van die gemeenskap soos versoek deur hulle. Nou ja, dit was besluit dat die prokureur ook daar moet wees die dag om vir die mense, die gemeenskap daar by die vergadering te kan sê dat hy nog 'n brief geskryf het, hy wag op die antwoord. (30

So / ..

So was dit gereël dat hy sal die mense toespreek? -- Ja, net om die mense daar te sê kyk, ek is julle prokureur wat besig is met hierdie verskuiwing wat moet plaasvind hier.

En dit was gereël met die gemeenskapsraad dat hulle sal toelaat dat die prokureur daar 'n toespraak lewer omtrent hierdie aksie wat hy geneem het? -- Laat ek vir die hof so skets. Mayise, die oorledene, was 'n groot vriend van die getuie wie se naam ek nie mag noem nie. Hulle was meeste van die tyd bymekaar, daar was sekere dinge wat hulle alleen gereël het. Saam met Skosane, wat dan die skoonbroer is van(10) Mayisa. Die drie mense het altyd bymekaar gekom. Daar was sekere dinge wat hulle onder mekaar gereël het, byvoorbeeld dié wat ek nou van gevra word het ek verneem dat dit gereël was tussen die drie.

HOF: Hulle het nou wat gereël? -- Dat dit in orde was vir hierdie prokureur om iets te sê by hierdie vergadering.

MNR JACOBS: Was dit deur die voorsitter van julle aksiekomitee so gerapporteer aan die komitee? -- Nee, Mayisa is die persoon wat vir ons gesê het dat daar sekere mense is wat moontlik sal opdaag. (20)

En dat dit gereël is dat hulle sal sprekers wees op daardie vergadering en dit is gereël met die raad? -- Volgens wat hy gesê het, ja.

En as enige iemand die bewering sou maak dat hierdie mense van die Black Sash en die prokureur was genooi om saam met die aksiekomitee na die vergadering te gaan net om eerstehandse inligting in te win van wat daar gebeur het, dan is dit verkeerd? -- Die persoon maak 'n fout.

HOF: Wat is die verwysing?

MNR JACOBS: Ek sal dit netnou vir die hof kry, ek het dit (30
nie / ..

nie op die oomblik hier nie. Ek is jammer dat ek dit nie vir die hof dadelik kan gee nie. Ek het 'n klompie aantekeninge waar ek die plek het, maar hulle is taamlik lywig en ek moet nou in hulle ook soek.

HOF: Nee, maar gaan maar voort, mnr Jacobs, ek wil u nie ophou nie.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Nou u het gepraat ook van dat raadseiendomme beskadig is. By hoeveel geleenthede was raadslede se eiendomme beskadig? -- As ek reg is die persoon wie se naam ek nie mag noem nie, se eiendom was beskadig gewees, (10 Morajane en Skosana se eiendomme was ook beskadig.

Eiendomme - is dit nou huise? -- Wat betref die persoon wie se naam ek nie mag noem nie, IC.19, as ek reg is was dit 'n huis gewees; Morajane as ek reg is dit was 'n huis en 'n winkel. Skosana, dit was sy huis gewees by die nuwe lokasie want hy het al getrek uit die ou lokasie.

Nou wat van IC.19 se bakkie, is dié nie ook aan die brand gestee nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie maar ek sal dit nie betwis nie.

Nou is dit nie so dat van hierdie raadslede se huise (20 is op verskillende geleenthede aangeval en beskadig nie? -- Nee, dit sal ek nie weet nie.

En IC.19 se huis was afgebrand gewees die eerste keer, is dit reg? -- Ja, dit is so.

En dit het gebeur kort na die vergadering wat gehou was die dag wat jy sê wat met die luidspreker aangekondig is? -- Watter een is dit nou wat u na verwys?

HOF: Die een waar die polisie die mense sou skiet wat so baie praat. -- Ja, ja, dit is daardie een.

MNR JACOBS: En die brandstigting of afbrand van IC.19 se (30

huis / ..

huis was kort na daardie vergadering opgebreek was. -- Nee, ek weet nie want ek was nie by die vergadering gewees nie.

Was mnr Nkabinde nie daar gewees nie? -- Nkabinde?

Ja, Abel Nkabinde? -- Ja, hy was daar - bedoel u by die vergadering?

Ja. -- Ja, hy was.

Nou het hy aan julle gerapporteer hy was daar, aan die aksiekomitee? -- Wat ons gehoor het is dat hy gearresteer was. Ons het hom toe laat kom en van hom gevra wat het gebeur, hoekom is hy gearresteer, waarop hy vir ons gesê het dat dit(10 word beweer hy het die vergadering laat stop.

Was dit ook gerapporteer - het hy nie aan julle vertel dat hy was by die vergadering met 'n klomp mense met plakkaat ook nie? -- Nee, hy het nie aan ons gesê nie.

Wat het hy aan julle gerapporteer? Het hierdie vergadering enduit gegaan of was dit gestop voor die einde? -- Volgens wat hy vir ons gesê het die vergadering het nie eers 'n aanvang geneem nie.

Hoekom? Wat sê hy? -- Hy sê die vergadering was gestop gewees omdat die tyd van die raadslede al verstryk het in (20 die kantoor, hulle moes vir die mense gesê het van die nominasies sodat daar ander raadslede gekies kan word.

En toe? -- En toe wat?

Die vergadering, hoe het hy toe opgebreek? -- Hy sê toe die vergadering het nie eens 'n aanvang geneem nie, dit is wat hy sê.

Toe die vergadering aangekondig is oor die luidspreker wat is daar vir die mense gesê, wat is die doel van daardie vergadering? -- Morejane het nie gesê wat die doel van die vergadering was nie behalwe net om vir die mense te sê dat (30

julle / ..

julle na die vergadering toe moet kom en daar gaan polisie teenwoordig wees en die ene wat baie praat skiet ons.

Was daar nie gesê hulle gaan vergadering hou om weer vir die mense te verduidelik oor die verskuiwing en dat niemand gaan verskuif word nie? -- Toe hy by my huis verby is het hy dit nie gesê nie.

Nou nadat Nkabinde gearresteer is, het hierdie aksiekomitee enige iets gedoen daaromtrent? -- Soos ek alreeds gesê het ons het hom laat kom dat hy vir ons kom sê hoekom hy gearresteer was en dit was as gevolg van die praatjies wat ons alreeds (10 gehoor het dat hy gearresteer was omdat hy die huis van die persoon wie se naam ek nie hier mag noem nie, aan die brand gestek het. Toe ons hom met dit konfronteer sê hy ons nee, hy is nie daarvoor gearresteer nie maar omdat hy die vergadering laat ophou het.

Kyk, nadat hy gearresteer is het julle aksiekomitee beplan om 'n massavergadering te hou? -- Ja.

HOF: Hoe lank was hy aangehou? -- Ek weet nie vir hoe lank hy aangehou was nie, maar na 'n tyd wat hy aangehou is het sy mense borg vir hom betaal en later is hy toe gevonnisd tot (20 'n tydperk van agt maande.

Voortvloeiend uit wat? -- Volgens wat hy gesê het is hy gevonnisd omdat hy die vergadering van die raadslede daar belemmer het en was 'n keuse van boete R2 000 of agt maande opgelê. Hy het die boete betaal.

MNR JACOBS: Is u seker dit was omdat hy die vergadering belemmer het of was dit vir wat gebeur het by die huis van die raadslid? -- Ek het geglo wat hy vir my gesê het want hy het gesê hy word valslik beskuldig. Dit is nie wat hy gedoen het nie. Wat hy wel van weet is dat hy die vergadering gestop (30

het / ..

het. Om my te correed dat hulle valslik beskuldig word het hy die ouerige mense ook genoem wat saam met hom in hegtenis geneem was met dieselfde beskuldiging soos hy, naamlik Simelane wat nou meer as 60 jaar oud is en Zondo wat diep in die 50s is; en die een is 'n winkeleienaar, Simelane is 'n winkeleienaar wat saam met hom beskuldig was.

Is dit nie so dat net saam met een persoon skuldig was nie? -- Nee, hulle was baie.

HOF: Nou kan ek net 'n bietjie duidelikheid kry. Toe u die verduideliking gevra het, u komitee die verduideliking gevra (10 het, het die saak by die landdros al aangekom of nie aangekom nie? -- Onmiddellik na hy borg betaal het, het ons hom gevra.

Voor die saak nog aangekom het? -- Dit is toe die saak aangekom het.

U het toe nie weer met hom gepraat nadat hy skuldig bevind is nie? -- Ons het met hom gepraat maar hy het ons gesê hy was gestraf omdat hy die vergadering gestop het.

Dankie. -- Maar die twee ouerige mense was nie gestraf gewees nie.

MNR JACOBS: Is dit reg dat die vergadering wat hy nou ge- (20 stop het, het plaasgevind op 28 Oktober 1984? -- Al onthou ek die datum nie presies nie, maar dit was iewers daar in Oktober 1984.

En die volgende dag, 29 Oktober 1984, toe het hierdie aksiekomitee alreeds weer beplan om 'n vergadering te hou, 'n massavergadering die eerskomende Saterdag daarna? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou nie. Ek sal u sê daar was so baie vergaderings gewees dat ek nou nie presies kan sê wanneer nie.

Maar het julle nie die vergadering gereël na sy (30

aanhouding / ..

aanhouding as 'n protesvergadering omdat hy aangehou is nie? --
Nee, ek weet nie van so-iets nie.

Nou hoekom het julle dan die vergadering beplan vir die Saterdag? -- Ek kan nie meer onthou van hierdie vergadering wat u van praat nie. Daar was baie vergaderings vanaf die jaar 1981 tot vandag toe. Ek kan nie al die vergaderings onthou presies waaroor die ander een gegaan het nie.

Maar meneer, dit is nie 'n gewone roetine vergadering nie maar hier is 'n vergadering wat gereël word omdat julle voorsitter gearresteer en aangehou is? -- Watse vergadering? (10

Wat julle beplan het, die aksiekomitee, nadat hy aangehou was. -- Nee, daar was geen vergadering gehou in die tyd wat hy in hegtenis was nie. Ek glo nie daar was 'n vergadering gewees nie.

U het netnou erken julle het 'n vergadering beplan en nou sê jy dit is nie so nie. Wat is nou die waarheid? -- Ek het nie gesê dat ons besig was om 'n vergadering te beplan nie.

Wie het hom verdedig? Was dit prokureur Bham? -- Ek was by die werk gewees maar volgens wat ek gehoor het is dat sy mense 'n prokureur gaan kry het vir hom. (20

Antwoord net my vraag, wie het hom verdedig? Was dit prokureur Bham? -- Ek weet nie wie het hom verdedig nie.

Want sien ek wil dit aan jou stel dat jy is verkeerd. Die aksiekomitee, julle, het UDF geskakel en aan UDF gerapporteer dat hy gearresteer is en aangehou is saam met een ander persoon. -- Was dit gewees dat dit die aksiekomitee is wat die UDF daarvan in kennis gestel het, dit sou ek geweet het. Maar hoekom is dit dat ek nie eens daarvan weet nie?

Ek sal vir jou daardie vraag vra. En dit is toe ook aan UDF gevra, dat die aksiekomitee advies van UDF nodig het (30
omdat / ..

omdat julle 'n massavergadering vir daardie Saterdag beplan.

-- Nee, dit is nie so nie. Al ons vergaderings, die hoofland-dros het daarvan geweet as ons vergadering gaan hou.

Kyk nou na BEWYSSTUK AM.15, dit is 'n dagboek of "occurrence book" wat deur UDF gehou is, op bladsy 27 daarvan. -- Volume 2?

Ja. -- BEWYSSTUK AM.14?

AM.15, die heel eerste dokument. Dit is op bladsy 27 daarvan, die getikte nommer. Dit staan onder die datum van 29 oktober 1984 - 'n paar bladsye terug. -- Met tye op, ja. (10 Met tye aan die kant.

HOF: Ja, daar staan "time" bo-aan die kolom en u sien net so omtrent vier reëls af, Leandra.

MNR JACOBS: Sal ek vir jou lees wat hier staan?

"Leandra. Comrade Abel Nkabinde and other comrade who is not named are detained following disturbances in that area. The committee needs advice as to its planning a mass meeting on this Saturday".

-- Is dit op bladsy 15 of 14?

Bladsy 27, meneer. -- Nee, ek weet nie hiervan nie. (20

En dan in die regterkantse kolom langs daardie berig staan daar: "Bham". -- Ja, ek sien dit maar ek het geen kennis hiervan nie.

U sien, dit is vir my baie eienaardig dat jy vir hierdie hof kom vertel daar is geen kontak deur die aksiekomitee met ander organisasies of UDF nie en hier staan dit dan duidelik dat julle kontak UDF toe julle voorsitter gearresteer word.

MR YACOOB: I am sorry, m'lord, there is nothing in that entry which says that advice was sought from the UDF, or was required from the UDF. (30

COURT: Well, from who else? Whose book is this, Mr Yacoob?

MR YACOOB: It is a UDF book.

COURT: Well, then?

MR YACOOB: The only submission I make is that that does not necessarily follow.

COURT: Yes well, do not make your submissions now. The question is allowed. -- Hoe kon ons met die UDF gepraat het want die UDF hou nie van raadslede nie en ons het gaan stem vir die raadslede. Selfs nou waar ek hier sit, 'n broer van my is 'n raadslid. (10

MNR JACOBS: Meneer, jy antwoord nie my vraag nie. Kan jy verduidelik, jy wat sê julle het nooit kontak gehad met die UDF of ander organisasies nie? -- Ek weet nie.

Stem jy nou saam, dit is net een van twee uitlegte: dat òf jy is nie heeltemal eerlik met die hof nie òf jy weet eintlik nie wat aangaan in daardie organisasie van jou nie? -- Ek is nie oneerlik met die hof nie en tweedens daar was geen samewerking gewees met UDF nie.

Is dit nie so dat hierdie voorsitter van julle organisasie was aangekla en skuldig bevind in die hof aan openbare (20 geweldpleging nie?

ASSESSOR: Ekskuus?

MNR JACOBS: Openbare geweldpleging.

ASSESSOR: Is dit mnr Nkabinde?

MNR JACOBS: Ja, Nkabinde. -- Ja, wat betref die vergadering dit is wat hy voor gestraf was.

En hy was aangekla van die gebeure op die vorige dag as die dag wat ek nou gehad het van 28 Oktober 1984, toe die raadslid se eiendom beskadig is. -- Hy het aan ons gesê dat hy gearresteer was omdat hy die vergadering daar belemmer (30

het / ..

het.

Is dit reg dat op 28 Oktober 1984 toe was die aksiekomitee se houding teenoor die gemeenskapsraad dat julle wou hulle nie gehad het nie, julle het hulle in 'n slegte lig beskou? -- Nee, nie dat ons nie van hulle wou gehoor het of wou geweet het nie, ons wou net dat daar verkiesings gehou moet word.

Is dit nie so dat regdeur het julle aksiekomitee die blaam geplaas vir hierdie verskuiwings wat daar sou wees op die gemeenskapsraad nie? -- Nee, dit was nie hulle gewees nie, dit was Witbank gewees. (10

En het julle nie hulle geblameer daarvoor vir die manier wat hulle die mense aangehou het op die wagplek nie, dat hulle die lewe vir die mense moeilik maak in Leandra nie? -- Nee, dit is mos die raad. Kyk, hulle val onder die raad wat hulle beheer.

Kom laat ons nie - hier is so baie rade nou. Na watter raad verwys u nou spesifiek? -- Die administrasieraad.

Nou kan u vir ons sê het die aksiekomitee enige werks-winkels of "workshops", wat sou mens dit - opleidingskursusse - kom ons gebruik die woord wat in die algemeen gebruik word, (20 "workshops" gereël? -- Wat is dit, wat is 'n "workshop"?

Seker opleidingskursusse, as dit vir jou beter sal.. -- Nee, ons het almal daar in Leslie gebly, ons het almal daar in Leslie gewerk. Niemand was weg gewees vir opleiding nie.

So die raad self, julle komitee self het nie werkswinkels of "workshops" georganiseer nie, dit was my vraag aan jou. -- Nee.

Weet jy dat julle uitgenooi was om enige werkswinkels of "workshops" by te woon"? -- Nee.

Weet jy dat van julle mense wel gegaan het om "workshops" (30

by / ..

by te woon, dit is mense van die aksiekomitee? -- Nee. Watse opleiding word daar gegee?

HOF: Die advokaat kan dit aan u verduidelik na die ete-verdaging.

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE / DIE HOF HERVAT

DOLBI DAVID MAHLANGU, nog onder eed -

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Is dit nie so dat die aksiekomitee het 'n "civics workshop" bygewoon nie? -- Nee, ek weet nie.

Het julle aksiekomitee verskillende afdelings gehad, (10 sub-komitees, een vir "transport"? -- Nee, daar was net die aksiekomitee gewees.

Was daar 'n sub-komitee in die aksiekomitee van onderwys - "education"? -- Nee.

Was daar 'n sub-komitee wat advies uitgegee het? -- Nee.

Sien ek wil dit aan u stel dat u is nie openlik met die hof nie, dat die Alexandra aksiekomitee..

HOF: Die wat?

MNR JACOBS: Alexandra..

HOF: Alexandra? (20

MNR JACOBS: Die Leandra aksiekomitee, ekskuus, edele. Het 'n "workshop" bygewoon wat gehou was in die jaar 1984.

HOF: In watter jaar?

MNR JACOBS: Ek stel dit as 1984. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Of daarna? -- Nee, ek weet nie.

Ek wil u verwys na BEWYSSTUK C.99. C.99, dit is in volume 6. -- Bladysy?

Bladysy 1. Dit is BEWYSSTUK C.99, met die opskrif: "Report on civic workshop". -- Ja, ons het dit. (30

En / ..

En in hierdie dokument stel ek aan jou, is die deelnemers daaraan se geskiedenis kortliks gegee as 'n bekendstelling op hierdie "workshop" en die Leandra "action committee" het hulself daar bekendgestel. -- Ja, ek sien dit hier.

Ja, dit staan daar, ek sal dit inlees in die rekord in:

"Formed in 1983, result of resistance to the government's intention to evict residents from the township. In 1984 Leandra was rerieved. At present has three sub-committees, transport, education and advice. At present there is a programme of resources and dependency on (10 Johannesburg. There are no trade unions in the area."

Nou kan u vir die hof dan sê hoe is dit dat u as lid van die komitee nie weet dat u komitee mense gestuur het na hierdie "workshop" toe nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek ont-hou ook nie dat ons mense gestuur het nie.

Julle moes tog 'n uitnodiging gekry het en dit in julle komitee bespreek het, die uitnodiging na so 'n werkswinkel toe? -- Dit behoort so te gewees het maar ons het dit nie gekry nie.

Dit is eienaardig. Julle moes tog besluit het wie gaan julle hiernatoe stuur, mense afgevaardig het? -- Dit is (20 vir my ook snaaks want ek weet nie wie die persoon is nie.

Sien ek wil dit aan u stel weer dat u is nie eerlik met die hof nie. U vertel nie vir die hof alles wat julle gedoen het nie. -- Nee, ek het alles vertel.

U sien want daar was noue samewerking tussen die Leandra "action committee" en UDF. -- Nee.

Ek wil vir jou wys wat die UDF daaroor te skryf en te sê het. Ek wil u verwys na BEWYSSTUK T.3. Dit is 'n dokument met die opskrif: "United Democratic Front, Transvaal. Report to the National Executive Committee of the UDF" en dit is (30 gedateer / ..

gedateer 21 Januarie 1984. Het u hom? -- Ja, ek het dit.

Nou kyk daar op bladsy 1, paragraaf 4, onder die opskrif: "Rural areas", paragraaf 4.2. Ek sal dit vir u lees:

"Leandra.

This is a township in the Eastern Transvaal with a population of 18 000. The community faces removals to Kwa-Ndebele. A very close working relationship exists between the powerful Leandra action committee and the UDF, Transvaal."

Wat sê jy daaromtrent, meneer? -- Dit is nuut. (10

Is jy die enigste een wat nie daarvan geweet het in die Leandra aksiekomitee? -- Ek glo nie. Die komitee sou my daarvan in kennis gestel het.

HOF: Wat is die erkenning oor hierdie dokument?

MNR JACOBS: Ek het 'n aantekening op die dokument self hierso "In die UDF-kantore, Johannesburg, gekry".

HOF: Dankie.

MNR JACOBS: Laat ek net seker maak. Dit is toe so, edele.

HOF: Dankie.

MNR JACOBS: Het jy 'n persoon met die naam van Pat Lephunya (20 geken? -- Nee, waar bly hy?

Hy was van die UDF.

HOF: Spel net Lephunya vir die rekord, asseblief.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag: L-e-p-h-u-n-y-a. -- Nee, ek ken hom nie.

Het hy nie daar by julle gekom in opdrag van die UDF en kom samesprekings voer daar in Leandra nie? -- Nee, ek onthou nie daarvan nie.

U sien, in BEWYSSTUK S.14, dit is die "Minutes of the Regional Executive Committee Meeting of the UDF, held on (30

1 November 1984 at Khotso House, Johannesburg", daar word op bladsy 3 daarvan, die heel laaste paragraaf gesê, dit verwys na Leandra en Nelspruit. Ek sal vir jou lees, die opskrif is:

"Leandra and Nelspruit

The REC agreed that Pat Lephunya should go to these areas for (ek neem aan, daardie woordjie is dof daar) a general discussion with people interested in the UDF. Pat was asked to organise transport for this purpose."

Het dit plaasgevind daarso? -- Ek sien dit, maar ek weet nie (10 daarvan nie.

En dan in dieselfde bundel, kyk net na S.17. Dit lyk of hy terugrapporteer het dat hy wel daarso gewees het, in die Oos-Transvaal. -- S.17, bladsy?

Bladsy 2, S.17. Ek wil dit net identifiseer, dit is weer "Minutes of REC Meeting held on 7 December 1984", dit is van UDF, Transvaal. Onder die opskrif:

"Eastern Transvaal.

A report was submitted on the recent trip to the area.

It was decided that a follow-up trip should be made (20 before 31 December 1984."

Weet u van enige besoeke wat deur UDF gebring is aan daardie gebied?

HOF: U is 'n bietjie vinnig vir my, mnr Jacobs, op watter bladsy is dit?

ASSESSOR: Eastern Transvaal is hier op bladsy 2.

HOF: O, dankie, ja. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

MNR JACOBS: As die hof my net 'n oomblikkie vergun, edele.

Dan wil ek u verwys na BEWYSSTUK O.2. Dit is bladsy 2 daarvan maar ek sal net eers O.2 identifiseer. Dit is weer: (30

"United / ..

"United Democratic Front, Transvaal. Secretarial Report to the General Council. Meeting held on 14 January 1984" en as jy op bladsy 2 kyk, heelboonste paragraaf:

"Rural Areas

Members of the executive committee attended and addressed a public meeting in Leandra on 31 December 1983. Subsequently a working relationship has been established with the Leandra action committee. A visit was also made to the removals area, Badplaas.."

okay, that is not yours. Wat sê u hiervan, meneer? -- Ek (10 weet nie daarvan nie.

Wie is die mense wat van UDF af kom vergadering hou het in Leandra op 31 December 1983? -- Ek ken hulle nie.

Nou hoe is dit dan u niks weet van die aktiwiteite en verbindings met die UDF nie? -- Dit is omdat wat ek van weet is dat ons is nie op goeie voet met UDF nie want UDF hou nie van raadslede nie.

Is dit nie so nie, julle hou ook nie van raadslede nie? -- Nee, ons hou van hulle.

Is dit nie so dat julle voorsitter is gevonniss na dinge (20 wat gebeur het by 'n raadslid se huis wat vernietig is nie? -- Nee, wat hy vir ons sê is dat hy gestraf was omdat hy met die hou van die vergadering gepeuter het, dat die vergadering nie gehou was nie.

Nou as hy dan gepeuter het met hierdie vergadering van die raadslede, hoekom peuter hy dan met die vergadering van die raadslede dat dit nie gehou word nie? -- Nee, volgens hom sê hy dat hy vir die mense gesê het dat julle tyd is om. Julle moet lieverste praat van die nominasies dat ons nuwe raadslede gaan kies. (30

Kan / ..

Kan u onthou dat daar in Leandra 'n massavergadering wat gereël en gehou was oor die verskuiwings deur die polisie opgebreek was? -- Deur wie was daardie vergadering belê?

Weet u van daardie vergadering waar daar ongeveer 5 000 mense teenwoordig was en die polisie die vergadering opgebreek het? -- Nee.

Sien, ek wil u verwys na BEWYSSTUK C.32, dit is 'n SASPU National, W.32, ekskuus. Dit is volume 6, bladsy 10 daarvan. Hy het nie 'n nommer op nie maar dit is die tiende bladsy. Die opskrif van die artikel is: "Countrywide Protests". (10

HOF: Watter bladsy?

MNR JACOBS: Bladsy 10. -- Bladsy 10 van BEWYSSTUK W?

W.32.

HOF: Wat is die datum?

MNR JACOBS: SASPU National, volume 5, nr.7, gedateer Desember 1984. As u kyk daar na die tweede laaste kolom heel-onder, item 39 op daardie bladsy.

HOF: U moet net 'n bietjie kans gee dat ons dit opsoek.

MNR JACOBS: Ekskuus, edele.

HOF: Ons het nog nie die bladsy nie en ek het ook in elk (20 geval nie die bundel.

MNR JACOBS: Die laaste bladsy genommer is 9, dan volg hierdie ene. Ek sien die nommer kom nie voor op hom nie, maar die opskrif van die artikel is - dit is so 'n swart artikel waar dan die opskrif staan: "Countrywide Protests", en dit is blykbaar 'n ding wat oor twee bladsye aangaan in 1984, waar 'n groot lys van die..

HOF: Maar waar moet ons nou kyk op die bladsy?

MNR JACOBS: Op daardie bladsy, die tweede laaste kolom, heel-onder aan, item 39. Daar onder item 39 staan: "Leandra". (30

HOF / ..

HOF: Sien u die beriggie? -- Ja, ek sien.

Wat sê u van daardie beriggie? -- Ek weet nie van so 'n vergadering nie. Indien dit beweer word dat dit by die saal gehou was, daardie saal is te klein. Daar sal nie soveel mense daar kan inkom nie.

MNR JACOBS: En was 'n huis - weet u van enige insident waar die polisie ingetree het toe mense vergader het, 'n groot klomp mense en hulle met traanrook, rubberkoeëls ..

HOF: Wag net so 'n bietjie. Is dit nou die huis - dit gaan tog nie noodwendig saam met die eerste deel van die (10 beriggie nie? Dit is nou die gebeure van die hele jaar 1984 wat hier in oënskou geneem word.

MNR JACOBS: Ja, as 'n mens kyk na die volgende, net bo 40, dieselfde beriggie gaan aan tot net bo 40, en daar staan: "House of councillor burned down".

HOF: Ja, maar nie noodwendig by dieselfde geleentheid nie.

MNR JACOBS: Ek sien dit ook, ja. In elk geval, weet jy van 'n insident waar die polisie mense uiteengejaag het wat vergader het oor die verskuiwings? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Sien ek wil dit aan u stel dat u is nie heeltemal eerlik met hierdie hof nie. -- Ek praat die hele waarheid. Ek weet glad nie van die goed nie.

As ek u getuienis reg verstaan het in hierdie saak het u kort-kort die bewering gemaak dat die inwoners sou verskuif word. Nie net sekeres nie, maar die inwoners in geheel? -- Nee, ek praat van - die eerste bewering was dat almal van ons gaan trek en die tweede ene het gepraat van 116 gesinne wat gaan trek.

Nou goed, kom ons vat nou daardie ene. Het u dit blykbaar so dat almal van Leandra se swart woongebied sou (30

verskuif / ..

verskuif word. Wanneer is daardie bewering gemaak? -- Kyk die posisie is so, in 1981 het ons almal kennisgewings gekry dat ons almal gaan trek. Job en die tydelike raad wat daar was, is toe weg om dit te gaan regstel. In 1983 wat hulle terugkom na ons toe met daardie aangeleentheid sê hulle vir ons dat net die mense wat die letter (d) het op hul kwalifikasies sal moet trek. Later weer in 1984 word dit weer gesê dat ons almal gaan trek.

Nou wie het gesê in 1981 julle gaan almal trek? -- Botha, destydse superintendent. (10)

En wie het dit gesê in 1984? -- Die koerantberig sê mnr Jonker is die persoon wat daardie verklaring gemaak het.

Dat almal gaan trek, nie 116 nie? -- Ja, almal.

Dit is die berig waarna hier verwys is, AAQ.45? -- Nee, dit is nie hierdie een nie, die ene voor hierdie een.

